POLICY 024/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AANVRA VAN DONASIES, BORGE & SKENKINGS**

REFERENCE/VERWYSING: **5.15.1.1.**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **39/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om die aanvra van donasies, borge en skenkings vir Raadsprojekte te orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS:
Om finansiële beheer moontlik te maak

RIGLYNE

1. Dat slegs die Uitvoerende Burgemeester tesame met Munisipale Bestuurder magtiging vir die aanvra van donasies, borge of skenkings verleen, welke magtiging vooraf verkry moet word.

2. Waar donasies van bronne van elders ontvang word, moet die donasies skriftelik bevestig word.

3. Dat die Donasieboek(e) by die Argief geberg word vir die uitreiking teen handtekeninge nadat beide die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder die projek goedgekeur het.

4. Dat alle aankope deur middel van die Voorsieningskanaalprosesse moet geskied

PROSEDURE

1. Dat Donasieboeke vir Oudit- en rekorddoeleindes, volledig voltooi word.

2. Dat, indien rekeninge aan instansies gelewer moet word, die Hoof Finansiële Beampte, wat die bedrag deur middel van die Diverse Debiteurestelsel sal hef, skriftelik daarvan verwittig word.

3. Dat ‘n Afwagrekening geskep word waarop alle transaksies teboek gestel moet word.

4. Dat, na afhandeling van die geleentheid, ‘n verslag wat ‘n volledige Inkomste- en Uitgawestaat bevat, aan die betrokke amptenaar se Bestuurshoof en die Munisipale Bestuurder voorgelê word.

ROLLE
Die Uitvoerende Burgemeester,
Munisipale Bestuurder